## SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

**NO. R. 403** **31 MAART 2016**

### DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.

### WYSIGING VAN BYLAE NO. 6 (NO. 6/3/43)

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 3 van Bylae No. 6 by bogenoemde Wet hiermee gewysig**, met ingang vanaf 6 April 2016,** in die mate in die Bylae hierby aangetoon.

**M JONAS**
**ADJUNKMINISTER VAN FINANSIES**

### BYLAE

**Deur Opmerking 6(b)(i) in Deel 3 van Bylae No. 6 met die volgende te vervang:**

(i) Landbou, bosbou of mynbou op land, is 108 sent per liter brandstofheffing op 80 persent van geskikte aankope, **plus** 154 sent per liter Padongelukfondsheffing op 80 persent van geskikte aankope is gelyk aan 262 sent per liter op 80 persent van die **totale geskikte** aankope.

Metode van berekening van terugbetaling is as volg:

(aa) Vir 1 000 liter geskikte aankope -

1 000 x 80 persent is gelyk aan 800 liter waarvoor 'n terugbetaling van 262 sent per liter geëis mag word;

(bb) Vir 1 000 liter aangekoop waarvan 300 liter ongeskikte aankope verteenwoordig, byvoorbeeld, vervoer van goedere teen vergoeding -

1 000 liter min 300 liter is gelyk aan 700 liter geskikte aankope x 80 persent is gelyk aan 560 liter waarop 'n terugbetaling van 262 sent per liter geëis mag word.

**Deur Opmerking 6(b)(ii)(gg) in Deel 3 van Bylae No. 6 met die volgende te vervang:**

(gg) vaartuie aangewend vir die diens van veseloptiese-telekommunikasiekabels langs die kuslyn van Suider-Afrika,

is 270 sent per liter brandstofheffing, **plus** 154 sent per liter Padongelukfondsheffing is gelyk aan 424 sent per liter.

**Deur Note 6(b)(v) in Deel 3 van Bylae No. 6 met die volgende te vervang:**

(v) Distillaatbrandstof vir gebruik uitsluitlik as brandstof deur elektrisiteitsopwekkingsaanlegte met 'n kapasiteit van meer as 200 megawatt per aanleg, wat krag opwek vir die nasionale verspreidingsnetwerk, is 135 sent per liter brandstofheffing, **plus** 154 sent per liter Padongelukfondsheffing is gelyk aan 289 sent per liter.

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Contact Centre Tel: 012-748 6200. eMail: info.egazette@gpw.gov.za
Publications: Tel: (012) 748 6053, 748 6061, 748 6065